

## 1. Simson

Die naam van Simson se pa was Manoag. Die Engel van die Here het aan Manoag se vrou verskyn en vir haar gesê dat sy 'n seun sou kry.

- Hierdie seun sou van jongs af 'n nasireër wees. Volgens Numeri 6 mag 'n nasireër geen wyn of sterk drank drink nie, sy hare mag nie afgesny word nie, en hy mag geen dooie liggaam aanraak nie.
- Vir Simson het veral die eerste twee voorwaardes gegeld.
- Die Engel het verder nog gesê dat Simson sou begin om Israel te verlos van die mag van die Filistyne.
- Manoag se vrou het hom alles vertel en Manoag het innig tot God gebid dat die Engel tog weer moet verskyn.
  - Die Here het sy gebed verhoor, en die Engel het weer aan die vrou verskyn.
  - Sy het haar man geroep, en die Engel het dieselfde woorde aan hom bevestig.
  - Op Manoag se vraag het die Engel geantwoord dat sy naam te wonderlik is om uit te spreek. Toe Manoag 'n bokkie en 'n graanoffer offer, het die Engel in die altaarvlam opgestyg.

### 1.1 Simson se geboorte

Terwyl die Ammoniete Israel onderdruk het, het die Filistyne terselfdertyd in die suidweste van Kanaän die oorhand gekry en begin om Israel veertig jaar lank te onderdruk.

- Die woongebied van die Filistyne was die Sjefela, die vlakte wes van Juda, geleë aan die kus van die Middellandse See.
- Die Filistyne was die hardnekkigste en gevaarlikste vyand van Israel. Hulle mag was gekonsentreer in vyf stede – Gasa, Asdod, Askelon, Ekron en Gat.
- Hulle vyandskap teen Israel het geduur van die tyd van Simson af, tydens die regering van Saul en Dawid, en selfs tot so ver as die regering van Hiskia eeue later.
- God het gedurende hierdie eerste veertig jaar van onderdrukking egter telkens aan Israel verlossing gegee deur die optrede van Simson.
- Simson neem onder die leiers 'n besondere plek in deurdat hy die stryd vir sy volk heeltemal alleen voer.
  - Hy voer geen leërs aan soos die ander leiers nie.
  - Hy is selfs deur sy eie volk oorgegee in die mag van die vyand.

### 1.2 Simson raak verlief op 'n Filistynse vrou

Reeds op jeugdige leeftyd het Simson bewus geword van sy roeping.

- Die Gees van die Here het hom na die laer van die Filistyne gedrywe.
- God het aan Simson bomenslike liggaamskrag gegee, en dit het ook van God gekom dat hy aanraking met die Filistyne gesoek het.
- **Dit was egter 'n trek van sy eie sinlike hart dat 'n Filistynse meisie hom bekoor het.**
  - Sy voorneme om met haar te trou was teen die gebod van God (Eks. 34:16).
  - Simson het sy pa en ma versoek om die huwelik toe te staan. Hoewel dit teen hul sin was, het Simson volhard in sy voorneme.
  - Op weg na Mina waar die meisie gewoon het, het Simson 'n leeu doodgemaak.
- Hy het aan die meisie verloof geraak, en toe hy 'n tyd na die verlowing weer daarlangs gaan om met die meisie te gaan trou, het hy by die karkas van die leeu verbygekom en gesien dat daar 'n swerm bye in is.
- Op die bruilof het hy 'n raaisel opgegee: “Uit 'n eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets

soets.”

- Hy het dertig hemde en dertig stelle klere aan sy gaste beloof as hulle die raaisel kon raai.
- As hulle nie kon nie, moes hulle dieselfde aan hom gee.
- Hulle het die antwoord van die raaisel te wete gekom deur sy vrou te dreig dat hulle haar en haar familie sal verbrand as sy nie die antwoord aan hulle verskaf nie.
- So kon hulle die antwoord vir Simson gee. Die antwoord was: “Wat is soeter as heuning? Wat is sterker as ’n leeu?”
  - Simson het egter begryp dat hulle met sy kalf geploeg het, en daarom het hy dertig Filistyne doodgeslaan en hulle klere gevat vir die mans wat die raaisel uitgelê het.
- Simson was baie kwaad en hy het sonder sy vrou na sy ouers se huis teruggekeer. Toe hy later sy vrou wou besoek, het hy agtergekom dat haar pa haar vir iemand anders as vrou gegee het.

### **1.3 Sy wraak op die Filistyne**

Simson het hom toe nie op die vrou en haar pa gewreek nie, maar op die hele Filistynse volk.

- Hy het driehonderd jakkalse gevang, hulle sterte aanmekaar gebind en hulle met brandende fakkels tussen die sterte in die koring van die Filistyne ingejaag.
- Uit wraak het die Filistyne toe sy vrou en haar vader verbrand.
- Hierop het Simson hom weer op die Filistyne gewreek. Hy het hulle aangeval en ’n groot slagting onder hulle aangerig.

### **1.4 Deur sy volk aan die Filistyne oorgelewer**

Simson was nou egter deur sy eie volk verlaat. Die manne van Juda het besluit om hom te boei en uit te lewer aan die Filistyne. Volgens hulle insig sou daar dan vrede kom.

- Simson het hom laat bind, maar net toe hulle hom aan die Filistyne wou uitlewer, het hy die toue gebreek.
- Hy het ’n vars kakebeen van ’n donkie in die hande gekry, en daarmee duisend Filistyne doodgeslaan. Daarna het hy die kakebeen weggegooi en die plek Kakebeenshoogte genoem.
- Hierna het hy dors gekry.
  - Hy het tot God geroep, en op wonderbaarlike wyse het God water voorsien.
  - God het die holte by Legi oopgebreek en daar het water uitgekom.
  - Daarom is die plek Roepersfontein genoem.
- Dit was die hoogtepunt in Simson se geskiedenis.

### **1.5 Sy verblyf in Gasa**

Uit sinlike begeerte het Simson ’n slegte Filistynse vrou in Gasa gaan besoek. Sy verblyf in Gasa het gou bekend geword.

- Die Filistyne het by die poorte wag gehou om hom teen die môre te vang.
- Na middernag het hy uitgegaan, die stadspoort oopgebreek en dit weggedra tot by die berg by Hebron, waar hy dit op die top van die berg gelos het.

### **1.6 Sy val en dood**

Hierna het hy weer ’n Filistynse vrou liefgekry; haar naam was Delila.

- Sy word in die Skrif geteken as ’n valse vrou. Uiterlik is sy aan Simson se kant, maar in werklikheid is sy sy grootste vyand en probeer sy om sy ondergang te bewerk.
- Sy het vermoed dat Simson se krag in iets verborge skuil, en daarom het sy op aandrang van die Filistyne probeer om dit by Simson uit te vind.
- Simson wou sy geheim egter nog nie verrai nie. Tot drie maal toe het sy hom vasgebind en dan uitgeroep: “Die Filistyne is hier, Simson!”, maar telkens het hy die toue gebreek.

### **Eindelik het hy toegegee aan haar geneul.**

- Hy het die guns van Delila verkies bo die nasireërskap van God. Hy het die geheim van sy krag aan haar bekend gemaak.
- As sy sewe haarlokke afgeskeer is, is sy gelofte verbreek en sal die Here van hom wyk.
  - Simson se krag het nie in sy hare gesit nie, maar daarin dat hy aan God gewy was, waarvan sy haarlokke ’n teken was.
  - As hy sy hare laat afskeer, oortree hy God se bevel. Dan verlaat die Here hom en wyk sy krag van hom.

Delila het hom toe aan die slaap gemaak en sy haarlokke laat afskeer.

- Simson se krag het gewyk, sodat die Filistyne hom maklik gevange geneem het, sy oë uitgesteek en hom in die tronk slawediens laat doen het.
- Hy moes in die tronk die meul draai. Dit was die werk van die laagste bediendes.
  - So ’n handmeul het uit twee klippe bestaan, een bo-op en ’n uitgeholde klip onder waarin die koring opgevang is. Die boonste klip is deur ’n handvatsel in die rondte gedraai.

Op die fees vir Dagon, hulle god, moes Simson die Filistyne kom vermaak.

- **Maar toe Simson teenoor sy vyande te staan kom, was God by hom.**
- Hy het die Here om krag gesmeek, en die Here het sy gebed verhoor.
- Hy het die helper wat hom aan die hand vasgehou het, versoek om hom te bring tot by die pilare waarop die tempel rus.
- Hy het die pilare gevat, die een met sy regter- en die ander met sy linkerhand, en met al sy krag getrek terwyl hy uitroep: “Laat my sterf saam met die Filistyne.”
- Hierop het die hele tempel ingestort, en duisende Filistyne is onder die puin begrawe.

So het Simson sy lewe vir sy volk gegee. Omdat hy niteenstaande al sy sondes God se dienaar gebly het, word hy in Hebreërs 11 ook tot die geloofshelde gereken. In al sy swakheid is die krag van God tog in sy lewe geopenbaar. Die lig van God se genade val ook oor hierdie donker lewe.

## **2. Eli as hoëpriester en leier**

Aan die end van die tydperk van die rigters of leiers was Eli hoëpriester in Silo.

- Eli was hoëpriester en leier tegelyk. Die tabernakel het nou nog in Silo gestaan, teen die noorde van Bet-El waar Josua dit nog opgerig het (Jos. 8:1).
- In Eli en Samuel sien ons leiers wat nie bepaaldelik opgetree het om Israel van hulle vyande te verlos nie, maar wat hulle hele lewe lank as leiers oor Israel opgetree het.
- Dit het uiteindelik ook meegewerk tot die aanvaarding van die koningskap in Israel.

### **2.1 Die sonde van Eli se seuns**

Eli was ’n godvresende man, maar deur sy swakheid teenoor sy goddelose seuns Hofni en Pinehas het hy die aansien van sy amp in die gedrang gebring.

- In die Hebreuse teks van 1 Samuel 1:16 en 2:12 word die seuns van Eli letterlik genoem “kinders van Belial”.
  - In die Ou Afrikaanse vertaling word dit weergegee met “deugniete”, en in die Nuwe vertaling met “slegte mense”.
- Hulle was inderdaad slegte mense – deugniete. Hulle het die Here nie erken nie.
  - Die Wet van Moses het noukeurig bepaal watter deel van die vleis die priester moet kry by elke maaltydoffer (Lev. 7:28-34).
  - Nie tevrede met die ruim deel wat deur die Wet bepaal is nie, het Hofni en Pinehas meer vleis

by die kookpote geneem as wat hulle toegekomp het.

- In 1 Samuel 2:13-17 word 'n voorbeeld gegee van hulle groot hebsug. Daarmee het hulle die offeraar, én hulle wat deur hom na die offermaaltyd genooi was, beroof.
- **Dit het daartoe gelei dat die mense hulle agting vir die offerdiens verloor het.**
- Hulle het dus die Here besteel by die offerandes.
- Ook het hulle hulle skuldig gemaak aan ontug met die vroue wat na die tabernakel gekom het.
- **Die gevolg was dat die mense die heiligdom van die Here verag het en dat die heiligdom 'n plek van ontug geword het.**

## 2.2 Eli se houding teenoor sy seuns

Hoe het Eli teenoor hierdie goddelose streke van sy seuns opgetree?

- Hy het hulle sondes wel waarskuwend aan hulle voorgehou maar hulle nooit hard bestraf nie.
- Die gevolg was dat hulle nie na die flou bestraffing van hulle vader geluister het nie.
- Eli moes sy seuns verbied het om die priesterwerk, wat heilig was, te doen, maar dit het hy nie gedoen nie.
- So het die oordeel van verharding oor hulle gekom.

## 2.3 Aankondiging van die oordeel

Deur 'n profeet het die Here sy oordeel oor Eli se huis laat aankondig.

- Eli sal met sy seuns op één dag sterwe,
- en die Here sal uit 'n ander geslagslyn van Aäron vir Hom 'n getroue priester verwek, wie se nageslag bestendig in die priesteramp sal dien.
  - Eli was uit die geslagslyn van Itamar, Aäron se jongste seun. Om watter rede die hoëpriesterskap van Eleasar se nakomelinge op Itamar se geslag gekom het, weet ons nie.
- Hierdie tweede deel van die oordeel is vervul toe Salomo later deur die oordrag van die hoëpriesterskap van Abjatar op Sadok dit weer in die geslagslyn van Eleasar gebring het. Hierdie aanseggings van die oordeel is later deur Samuel herhaal.

## 2.4 Voltrekking van die oordeel

Die begin van die voltrekking van hierdie oordeel word beskrywe in 1 Samuel 4. Die Israëliete het 'n aanval op die Filistyne gemaak, maar hulle is verslaan by die plek wat later die naam van Eben-Haeser gekry het.

- In hul dwaasheid het die oudstes van Israel toe die ark uit Silo laat haal, asof die simbool van die Here se teenwoordigheid vir hulle die nabyheid van die Here kon verseker. Hofni en Pinehas het die ark gebring.
- Die ark van die Here het vir Israel egter geen voordeel gebring nie.
  - Hulle het 'n groot neerlaag gely, sodat dertig duisend voetsoldate gesneuwel het.
  - Die ark is van hulle afgeneem, en die seuns van Eli – Hofni en Pinehas – het altwee gesneuwel.
- Hierdie verskriklike gebeurtenis is aan Eli meegedeel.
  - Toe hy verneem dat die ark weggeneem is, het hy agteroor van sy stoel afgeval en sy nek gebreek.
  - Pinehas se vrou het met die geboorte van haar kind gesterwe, en op haar sterfbed noem sy die kind Ikabod, dit beteken “die eer is weggevat uit Israel”.

## 3. Samuel

### 3.1 Samuel se geboorte

Samuel se vader was Elkana, uit die stam van Levi. Hy het in Rama gewoon.

- Elkana het twee vroue gehad, Hanna en Peninna. Peninna het kinders gehad maar Hanna nie.

- Elkana het jaarliks met sy gesin na die heiligdom in Silo gegaan om daar te aanbid en te offer.
  - Peninna het gedurig vir Hanna weens haar kinderloosheid gespot en verneder.
  - Hanna het in haar droefheid haar toevlug tot die Here geneem. Sy het in die heiligdom in Silo vurig tot die Here gebid om haar 'n seun te gee, en sy het Hom beloof om hierdie seun aan sy diens te wy.
  - Eli, wat meer gewoon was om goddeloosheid as gebed in die heiligdom van die Here te aanskou, het gemeen dat sy dronk was en haar bestraf.
  - Met vrymoedigheid het Hanna haar verantwoord, en hom haar begeerte meegedeel.
  - Eli het bemoedigend met haar gepraat.

God het Hanna se gebed verhoor. Sy het 'n seun gekry en hom Samuel genoem, dit is “van God gebid”.

### 3.2 Samuel in Eli se diens

Hanna het haar gelofte gehou. Toe Samuel haar moederlike sorg kon mis, het sy hom na die tabernakel gebring.

- Hy het dus nie soos die Leviëte op vyf-en-twintigjarige leeftyd na die tabernakel gekom nie, maar alreeds op jeugdige leeftyd. Hanna het aan Eli vertel hoe die Here haar gebed verhoor het en hom meegedeel hoe sy 'n gelofte aan die Here gedoen het om haar seun aan die diens van die Here te wy.
- So het Samuel in die tabernakel in Silo gebly, en hy was daar werksaam as Leviëte. Hy het opgegroeï in genade by God en mens.
- Die skandelige dade van die seuns van Eli het afgesteek by die jeugdige godsvrug van Samuel. Hy het nie deelgeneem aan hulle goddelose dade nie. Samuel het die Here gedien. Daar staan: “Die seun Samuel het grootgeword en die Here en die mense was hom goedgesind.”

### 3.3 Die Here roep Samuel

Die profetiese roeping van Samuel word in 1 Samuel 3 beskryf.

- Daar staan dat die Woord van die Here in daardie dae skaars was. Daar was geen openbare gesigte nie, en daar was weinig profete wat God se Woord verkondig het.
- Van goddelike openbarings is daar byna nooit meer gehoor nie.
- In hierdie tyd van geestelike dorheid het die Here vir Samuel tot die profete-amp geroep.

Een nag, toe Eli al gaan slaap het, het die Here na Samuel geroep. Samuel het gemeen dat Eli hom geroep het, en hy het dadelik na Eli gegaan. Toe Eli sê dat hy hom nie geroep het nie, het Samuel weer gaan rus.

- Twee maal het Samuel weer 'n stem gehoor wat hom roep.
- Toe Samuel die derde maal by Eli kom, het Eli begryp dat dit die stem van die Here was.
  - Hy het aan Samuel die raad gegee om te sê: “Praat, Here u dienaar luister.”
  - Samuel het so gedoen. Die Here het toe aan hom alles geopenbaar wat Hy oor die familie van Eli besluit het.
- Samuel was bang om hierdie boodskap aan Eli oor te bring, maar Eli het by hom aangehou.
  - Hy wou weet wat die Here gesê het. Samuel het dit toe aan hom meegedeel.
  - Van toe af het die Here Hom meermale aan Samuel geopenbaar.

Die hele Israel het erken dat Samuel 'n profeet van die Here was, veral omdat sy woorde as profeet steeds vervul is.

### **3.4 Samuel as leier**

#### **3.4.1 Samuel as opvolger van Eli**

Ten tyde van Eli se dood het Israel in 'n baie treurige toestand verkeer.

- Die volk was staatkundig afhanklik van die Filistyne en die ark was nog steeds in die hande van die Filistyne: die eer van Israel was weggevoer.
- Die Filistyne het die ark in Asdod in die tempel van hulle afgod Dagon, wat beskou is as 'n god van die vrugbaarheid, gebring.
  - Die volgende môre het hulle Dagon neergeval op die grond gevind.
  - Die Filistyne het gemeen dat dit slegs toevallig was en Dagon weer op sy plek neergesit.
  - Die volgende dag vind hulle Dagon weer omgeval, met sy kop en twee hande afgebreek.
  - Toe het die Here die inwoners van Asdod gestraf met pesswere, en muise op hulle lande.
  - Dit het tot gevolg gehad dat hulle die ark na Gat gebring het. Maar ook hierdie stad is swaar deur die Here besoek.
  - Vandaar is die ark toe na Ekron gebring. Toe hierdie stad nog swaarder gestraf is, het die Filistyne besluit om die ark na Israel terug te stuur.
- Op raad van die priesters het hulle ook besluit om saam met die ark 'n behoorlike geskenk saam te stuur. Die geskenk het bestaan uit vyf goue muise en vyf goue geswelle wat die plaë afbeeld.
- Hiermee het hulle erken dat die God van Israel die plaë gestuur het.

#### **Die ark teruggevoer**

Hulle het die ark toe teruggestuur op 'n nuwe wa wat getrek is deur koeie wat in die melk was. Die koeie het met die ark reguit gestap na Bet-Semes, die eerste stad in Kanaän in die nabyheid van die Filistyne.

Die inwoners van Bet-Semes was besig met die koringoes.

- Hulle was bly toe hulle die ark sien, en het dadelik 'n dankoffer aan die Here gebring.
- Hulle het egter 'n groot sonde begaan deur die ark te bekijk. Dit was uitdruklik teen die gebod van die Here (Num. 4:20).
  - Meer as sewentig man van Israel is toe deur die Here gedood.
- Van Bet-Semes is die ark weggevoer na Kirjat-Jearim, 'n stad op die pad na Silo. Daar het dit in die huis van Abinadab in bewaring van sy seun Eleasar gebly totdat Dawid dit later daar weggeneem het.

#### **3.4.2 Samuel as hervormer**

Samuel het, toe hy as leier opgetree het, dadelik met hervormingswerk begin. Hy het Israel beveel om met al die vreemde gode weg te doen en die Here alleen te dien.

- Israel het werklik ook na Samuel geluister. Hulle het afstand gedoen van die Baäls en die Astartes en die Here gedien.
- Daarom wou die Here hulle nou ook verlos van die Filistyne.
- Samuel het toe 'n groot volksvergadering by Mispa saamgeroep. Hulle moes hulle deur vas en gebed voorberei vir die oorlog teen die Filistyne.

#### **3.4.3 Samuel as verlosser uit die hand van die Filistyne**

Toe die Filistyne van hierdie volksvergadering hoor, het hulle dadelik besluit om in die oorlog teen Israel op te trek.

- Op Samuel se voorbede het die Here verlossing gegee.
- Die Here het die Filistyne bang gemaak met 'n groot donderweer, sodat Israel hulle maklik kon verslaan.

- As gedenkteken van hierdie oorwinning het Samuel 'n klip geneem en dit tussen Mispa en Sen opgesit met die naam Eben-Haaser daarop – “Tot hiertoe het die Here ons gehelp.”

So het Samuel as leier opgetree. Hy het in Rama gewoon. Die Here het toe meer profete laat optree. Samuel was die hoof van almal (kyk 1 Sam. 19:20).

### Die leiers (rigters)

Leier	Herkoms	Vyande
Otniël (Kaleb)	(Kaleb)	Kusan-Risatajim (Mesopotamië)
Ehud	Benjamin	Moabiete
Samgar	Rama – Bet-El	Filistyne
Debora	Naftali	Kanaäniete
Barak	Ofra – Manasse	Midianiete
Gideon	Issaskar	
Tola	Gilead	
Jaïr	Gilead	Ammoniete
Jefta	Betlehem	
Ebsan	Sebulon	
Elon		
Abdon	Efraim	
Simson	Sora	Filistyne
Eli		Filistyne
Samuel		